

'N REISSAK VIR BABA

'n Gerieflike, ruim sak met plek vir al baba se toiletware en ook skoon kleertjies om hom gou te verskoon indien nodig wanneer hy saam met ma gaan kuier. Die sak vou op en vorm 'n mat waarop baba kan lê terwyl met hom gewerk word

deur HENRIETTE LOUW
foto JANEK SZYMANOWSKI

BENODIGDHEDE: 'n Stuk deurgestikte bedrukte materiaal, 92 x 60 cm; effekleurige katoenvoeringstof, 110 x 92 cm; duursame plastiek materiaal, 65 x 40 cm; liggewigwatte 65 x 40 cm; bypassende garing.

UITKNIPAANWYSINGS: Knip die onderdeel uit materiaal soos aangedui op diagramme A en B.

AANWYSINGS: Vou sakke 1, 2, 3 en 4 met regte kante opmekaar al langs stippellyne dubbel (diagram B) and stik synate toe. Dop na regte kant om, vou onderste rafelrande na binne om en pars. Maak twee plooië, 1,5 cm diep in sakke 2, 3 en 4 soos aangedui in diagram C. Ryg voue en pars. Speld al die sakke in posisie op sakvoering vas (diagram C) en stik (al langs stippellyne) 4 mm van kant af vas. Los gevoude rande vir sakopeninge oop. Sak 1 word met bostiksel al langs stippellyne vasgestik om drie sakke wat elkeen 10 cm wyd is, te vorm.

Plaas regte kante opmekaar en stik sakvoering aan gekwilde materiaal vas, maar los boonste rand oop. Knip by hoeke in en dop na regte kant om. Vou lus oorlangs dubbel met regte kante opmekaar. Stik al langs lang kant toe, dop om en pars. Vorm lus en plaas in middel van boonste rand. Vou hoogste rand na binne om en glipsteek vas.

Vou elke gekwilde band met regte kante opmekaar oorlangs dubbel. Stik al langs een lang kant toe. Dop na regte kant om en pars plat met naat in middel aan agterkant. Heg bande aan sak vas soos aangedui in diagram C.

Plaas plastiek materiaal oor regte kant van rugmateriaal en plaas watte bo-op. Stik drie kante toe en los een kort kant oop. Knip by hoeke in en dop na regte kant om. Vou boonste rande na binne om en stik hierdie kant met bostiksel aan sak vas soos in diagram C aangedui. Glipsteek kante van mat aan sak vas om nog 'n groot sak te vorm vir skoon kleertjies.

Maak bandjie soos uiteengesit vir lus. Werk punte netjies af. Stik dwars oor middel van bandjie aan voorkant van sak vas sodat daar twee los punte is wat deur die lus geskuif word om te stik.

